
# 17 As ek die kruishout gadeslaan




Verhoed dat ek sal roem, o Heer,
dan slegs in u vergote bloed!
Die ydelhede van weleer
lê ek gewillig aan u voet.

Kyk, hoe sy hand, sy hoof, sy voet,
sy smart en liefde saam vertoon;
hoe smart en liefde hier ontmoet,
hoe doringvlegsels Hom daar kroon!

Die hele wêreld sou voorwaar
daarvoor ‘n nietig offer wees!
Liefde so heilig, wonderbaar,
eis alles, liggaam, siel en gees.

Isaac Watts (1674-1748) verw. E. Muller (1731-1807)